



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 AUGUSTUS 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdh R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 JULIE 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Julie 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 AUGUSTUS 2019

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5.1/...

Aanbevelings voorgelê vir bekragtiging:

5.1.1 **MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 **SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 **ONTWIKKELINGSDIENSTE**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 **BESKERMINGSDIENSTE**

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

7. **NUWE SAKE**

7.1 **GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 3^{DE} HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)**

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 29 Augustus 2019)

Dat die tydskedule vir die 3de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

7.2 **AANVAARDING VAN (1) WATER- EN SANITASIEDIENSTE WYSIGINGS-VERORDENING; (2) VERORDENING INSAKE DIE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR (1/1)**

Die konsep verordeninge het op 22 Mei 2019 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien vir aanbeveling aan die Raad op 30 Mei 2019. Die konsep verordening is in beginsel deur die Raad aanvaar onderhewig aan 'n publieke deelname proses.

Geen publieke insette is ontvang nie.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 29 Augustus 2019)

(a) Dat die volgende verordeninge aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:

- Swartland Munisipaliteit: Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening
- Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Installasie van Telekommunikasie-Infrastruktuur

7.3 **VERSLAG OOR GEMEENSKAPONTWIKKELINGSPROJEKTE 2018-2019 UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)**

Die Afdeling: Gemeenskapsontwikkeling moet op 'n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impakte van gemeenskapsontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.

Die verslag, soos met die sakelys gesirkuleer, sluit die uitkomste en impakte van die projekte in wat gedurende 2018/2019 finansiële jaar aangebied is, en wat ook in lyn is met die volgende ses fokusareas in die Strategie:

- (1) Bevorder die formalisering van Vroeë Kinderontwikkeling en –fasiliteite (ECD) (ouderdom 0 – 6)
- (2) Bevorder kinderontwikkeling (ouderom 7 – 14)
- (3) Bevorder jeugontwikkeling (ouderdom 15 – 35)
- (4) Bevorder skakeling en koördinerings
- (5) Fasiliteer toegang tot die ekonomie
- (6) Lobbying vir die kwesbare groepe

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die evaluering van uitkomste en impakte van die gemeenskapontwikkelingsprojekte in die 2018/2019 finansiële jaar;
- (b) Dat 'n jaarverslag insake die uitkomste en impakte van die gemeenskapontwikkelingsprojekte van die voorafgaande finansiële jaar aan die Raad teen einde Augustus voorgelê word.

7.4 **PHOLA PARK BEHUISINGS VERSOEK (17/2/2)**

Die aangehegte skrywe gedateer 24 Julie 2019 is ontvang vanaf mnr Sibongile Mbenyana namens die Behuisingskomitee vir die konstruksie van *Peoples Housing Project* in fase 2, 3 en 4 in Phola Park, Ilinge Lethu.

Mnr Mbenyana versoek dat daar in die 2019/2020 finansiële jaar met die projek 'n aanvang geneem moet word.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die skrywe gedateer 13 Augustus 2019 soos voorberei deur die Departement: Ontwikkelingsdienste in antwoord op die versoek van mnr Mbenyana;
- (b) Dat mnr Mbenyana dienooreenkomstig in kennis gestel word.

7.5 **SWARTLAND STRAATNAME BELEID (17/2/2)**

Tans is daar slegs beperkte riglyne in plek ten opsigte van die toeken van straatname en bestaande die behoefte om 'n beleid in plek te stel.

Die konsep beleid is apart tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die item terugverwys word.

7.6 **NUWE STRAATNAME VIR RIEBEEK-WES BEHUISINGSPROJEK (16/5/6)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 19 Junie 2019 opdrag gegee dat die betrokke families toestemming moet verleen vir die gebruik van oorledenes se name as straatname in die Riebeek-Wes Behuisingsprojek. Daarna moet dit vir bekragtiging aan die betrokke Behuisingskomitee voorgelê word.

Die voorgestelde straatname, ingevolge die uitleg in Aanhangsel B, is as volg:

(1)/...

7.6/...

- (1) Miemie Markus Street
- (2) Conniffe January Street
- (3) Rudy du Plooy Street
- (4) Thomas Beukes Street
- (5) Japie Fortuin Close
- (6) Yvette Otto Street
- (7) Annie Fransman Street
- (8) Takkies Brander Street
- (9) Maureen Klaassen Close

BESLUIT

Die voorgestelde straatname soos per aanhangsel "B" ooreenkomstig artikel 108(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning goedgekeur word en dat die Landmeter-Generaal dienoooreenkomstig in kennis gestel word.

7.7 STRAATNAME VIR PHOLA PARK FASE 3 & 4, MALMESBURY (16/5/6)

Met die oorweging van twee addisionele straatname vir Fase 3 en 4, Phola Park Malmesbury is daar oorgesien dat die naam 'Moses Kotane' reeds toegeken was.

In 'n skrywe vanaf rdl B J Penxa gedateer 27 Junie 2019 is voorgestel om die straatnaam, Penxastraat, wat afgekeur is te vervang met Nxenye Kholekastraat.

BESLUIT

Dat die voorgestelde straatnaam, Nxenye Kholekastraat, soos per plan gemerk "A" ooreenkomstig artikel 108(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, goedgekeur word en die Landmeter-Generaal dienoooreenkomstig in kennis gestel word.

7.8 HUUR VAN MUNISIPALE GROND TE MALMESBURY (12/2/4-8/4)

Die Raad verhuur 'n gedeelte munisipale meentgrond (groot ±2082 m²), geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury aan die Swartland Voortrekkers vir normale opvoedkundige doeleindes van die beweging.

Die terrein van die Swartland Voortrekkers val gedeeltelik in die bestaande padreserwe wat moontlik vir toekomstige ontwikkeling benodig word.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte meentgrond (groot ±2082m²) te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkerkommando verhuur word vir termyn van een (1) jaar met ingang van 1 September 2019;
- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R120,00 plus BTW, per jaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.9 HERNUWING VAN HUUROOREENKOMS MET SA POSKANTOOR BEPERK (12/2/4-12/1)

Die Raad verhuur eiendom aan die SA Poskantoor Beperk, gedeelte van erf 163, Riebeek-Wes waarop voorafvervaardigde private posbusse opgerig is.

'n Aansoek is ontvang vanaf die huurder om die bestaande huurooreenkoms met 'n verdere termyn van drie jaar te verleng.

Besluit/...

7.9/...

BESLUIT

- (a) Dat 'n verdere huurooreenkoms met SA Poskantoor Beperk aangegaan word vir 'n termyn van drie (3) jaar, met ingang 1 Januarie 2019, vir die huur van 'n gedeelte van erf 163, Riebeek-Wes vir die bedryf van privaat posbusse;
- (b) Dat huurgeld van R360.00 plus BTW per jaar gehef word en dat die huurgeld jaarliks met 6% eskaleer;
- (c) Dat die huurvoorwaardes soos tans geld van krag sal wees.

7.10 VERHUUR VAN GEBOU TE LANGSTRAAT, ABBOTSDALE (12/1/3/1-1/1)

[Die voorsitter verlaat die lokaal vir die besperking van die item weens die betrokkenheid van 'n familielid by die ACVV. Die Uitvoerende Onderburgemeester neem waar as voorsitter.]

Die Raad verhuur die gebou op erf 604, Langstraat, Abbotsdale aan die ACVV vir doeleindes van die uitvoering van hul gemeenskapsaktiwiteite.

Die huurtermyn van vyf (5) jaar het op 31 Julie 2018 verstryk.

BESLUIT

- (a) Dat die gebou geleë te Erf 604, Abbotsdale vir 'n verdere termyn van vyf (5) jaar, met ingang 1 Augustus 2018, aan die ACVV verhuur word vir doeleindes van gemeenskapsaktiwiteite;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R200.00 per jaar, BTW uitgesluit.

7.11 KANTOORAKKOMMODASIE: ABBOTSDALE BUURTWAG (12/1/3/1-1/1)

Die Abbotsdale Buurtwag huur tans 'n gedeelte van die struktuur geleë op erf 1217, Roosmarynstraat, Abbotsdale.

Erf 1217 is die eiendom van die Raad en word saam met die aanliggende eiendom, erf 1219, geormerk vir die toekomstige oprigting en beskikbaarstelling van besigheidseleenthede onder die sogenaamde *Socio-economic Programme*.

Die bestaande huurooreenkoms verstryk op 31 Augustus 2019.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat 'n huurooreenkoms met die Abbotsdale Buurtwag gesluit word vir die huur van een gedeelte van die struktuur geleë op erf 1217, Abbotsdale, en wel vir 'n verdere periode van een (1) jaar ten bedrae van R120,00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees;
- (b) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly;
- (c) Dat kennis geneem word dat die Abbotsdale Buurtwag nie by die Departement van Gemeenskapsveiligheid as 'n buurtwag geregistreer is nie, en dat 'n langer huurtermyn oorweeg sal word nadat die nodige akkreditasie bekom is.

7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2019.

7.13/...

7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: JULIE 2019 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 Julie 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD VERVANGING VAN RADIO HERLEITOERUSTING 8/1/B/2)

Alle kommunikasie-toerusting is op 23 Julie 2019 deur weerlig beskadig waartydens die UHF herhaler en UHF basisradio en antenna onherstelbaar beskadig is. Dit was noodsaaklik dat hierdie toerusting onmiddellik vervang word ten einde deurlopende radio-kommunikasie vir nood- en operasionele munisipale dienste te verseker.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om nie tenders uit te nooi nie, maar om die kwotasie vir die aankoop van die radiokommunikasie-toerusting van die maatskappy *Comnet* vir die bedrag van R51 994.16 (BTW uitgesluit) te aanvaar;
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses om 'n noodsituasie te voorkom as volg aangeteken word:
 - (i) Die verskaffing van radiokommunikasie is noodsaaklik vir die lewering van nooddienste en ander munisipale aktiwiteite;
 - (ii) Die tydelike radiokommunikasie-toerusting word geleen vanaf die diensverskaffer en moet onmiddellik op versoek terugbesorg word indien dit deur die diensverskaffer vereis word;
 - (iii) Die risiko van mislukking van die munisipale radiokommunikasiedienste word as 'n noodgeval geag;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R51 994.16 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/117-332-318 verreken sal word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 GOEDKEURING AS PRIORITEITS BEHUISINGONTWIKKELINGSAREA (17/4/2/B)

Die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings het op 17 Mei 2019 'n lys gepubliseer van Prioriteit Behuisingontwikkelingsareas / *Priority Housing Development Areas* (PHDAs).

Die voorgestelde PHDAs word ontwikkeling ingevolge artikel 7(3) van die *Housing Developing Agency Act (Act 23 of 2008)* wat die Agentskap in staat stel om PHDAs te verklaar vir residensiële en gemeenskapsdoeleindes in ooreenstemming met geïntegreerde ontwikkelingsplanne en provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke.

'n Vergadering met die Nasionale en Provinsiale Departemente van Menslike Nedersettings het op 7 Augustus 2019 plaasgevind om oorweging daaraan te verleen om gebiede in die Swartland munisipale gebied, weens die strategiese ligging tussen Stad Kaapstad en Saldanhaabaai wat reeds as PHDAs geïdentifiseer is, te oorweeg as PHDAs.

Die betrokke departemente benodig 'n raadsbesluit in hierdie verband en word –

7.15/...

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 29 Augustus 2019)

Dat die katalitiese behuisingsprojek, De Hoop in Malmesbury, as 'n PHDA goedgekeur word.

7.16 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD JUNIE 2019 (5/7/3)

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 19 Junie 2019 is goedgekeur dat die bedrag van R2 241 463.84 afgeskryf mag word ten opsigte van deernishuishoudings en dat die bedrag van R345 504.76 afgeskryf mag word ten opsigte van ander oninvorderbare skulde.

Volledige ondersoeke is afgehandel en word –

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings, R2 017 483.98, en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde, R343 790.46, beloop;
- (b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –
 - (i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of
 - (ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of
 - (iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie.
- (e) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**